# Oefening 2015-8AI-00004(2)

(1) Voltooi die volgende tabelle en stel die punte voor op ′n Cartesiese assestelsel:
Verbind die punte. (Gebruik die grafiekpapier.)
Dui telkens aan of die grafiek ′n stygende of ′n dalende funksie sal wees.
Is die grafiek lineêr of nie- lineêr?

(a) $y = \frac{4}{x}$

| $x$ | -4 | -2 | -1 | 0 | 1 | 2 | 4 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| $y$ | | | | | | | |

(b) $y = x$


| $x$ | -4 | -2 | -1 | 0 | 1 | 2 | 4 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| $y$ | | | | | | | |

(2) Beskou die volgende twee punte: A(-1 ; 6) en B(1 ; -6)


(a) Skryf A se ordinaat neer.
(b) Skryf B se absis neer.
(c) Indien A en B op die Cartesiese vlak geteken en verbind word, sal AB ′n horisontale lyn vorm?
(d) In watter kwadrante lê A en B?

(3) Is die volgende grafieke: (a) kontinu of diskreet?
(b) dalend of stygend?
(c) lineêr of nie-lineêr?


(i)





(ii)




(iii)




(iv)




(4) Die grafiek toon die aantal werkers wat benodig word om 'n sekere werk te doen teenoor die aantal dae wat benodig word om sodanige werk te voltooi.

(a) Is die grafiek kontinu of diskreet?
(b) Is die grafiek lineêr of nie- lineêr?
(c) Binne hoeveel dae sal die werk voltooi wees indien ses werkers gebruik word?
(d) Is die grafiek stygend of dalend?
(e) Is die grafiek direk eweredig of indirek eweredig?




(5) Bepaal die reël wat die verwantskap aandui tussen die invoer en uitvoergetalle:

(a)




(b)

